

14

IN DIE TRONK IN FILIPPI

Ek is spesiaal en God vergeet my nie

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat God hulle nooit sal vergeet nie, want hulle behoort aan Hom.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet dat –

- God nie van Paulus en Silas in die tronk vergeet het nie.
- hulle ook vir God spesiaal is.
- God hulle nooit sal vergeet nie.

Gesindheid

Die kinders moet dankbaar en bly wees omdat die Here nooit van hulle sal vergeet nie.

Vaardigheid

Die kinders moet –

- in staat wees om die hoofmomente van die verhaal te noem.
- vir hul ouers gaan vertel wat dit beteken om die Here te vertrou.

MEER INLIGTING (Handelinge 16: 16-40)

Paulus en sy vriend Silas het in 'n groot stad aangekom. Die stad se naam is Filippi. Daar in die stad begin Paulus en Silas vir die mense preek. Maar die mense wat die stad regeer, het niks daarvan gehou dat Paulus-hulle preek nie. Hulle het nie in Jesus geglo nie en wou daarom nie dat Paulus-hulle vir die mense van Jesus vertel nie. Weet julle wat doen hulle toe? Hulle gooi vir Paulus en Silas in die tronk! Eers slaan hulle vir Paulus en Silas baie erg. Daarna boei hulle hul voete vas in 'n houtblok sodat hulle nie eens kan loop nie.

Laat in die nag was Paulus en Silas nog wakker. Hul lywe was so seer nadat hulle so geslaan is dat hulle nie kon slaap nie. Toe sê Paulus vir Silas: *Kom ons bid en sing liedjies waarin ons die Here loof. Dit sal ons help om van die pyn te vergeet.*

Hulle het begin bid en sing, hardop, die hele nag lank. Naderhand was almal in die tronk wakker. Maar weet julle wat, niemand was eens kwaad vir Paulus en Silas nie. Hulle lê net doodstil en luister.

Maar toe skielik hoor hulle iets anders. Hulle hoor 'n gedreun en geraas. Die aarde begin skud en ruk, oral val goed om en hulle stik in die stof. Dit was 'n aardbewing!

Toe gebeur daar 'n wonderlike ding. Paulus sê vir Silas: *Kyk daar, die tronkdeure het oopgegaan!* Silas sê: *Ja, en die boeie om ons voete het ook losgegaan. Ons kan opstaan en loop, ons kan sommer uit die tronk uit loop!*

Na 'n rukkie storm die bewaarder in. Hy het baie groot geskrik toe hy sien die tronkdeure staan oop. Toe was hy baie bang, want hy het gedink almal het ontsnap. *O aarde, wat gaan nou gebeur? wonder hy. My base gaan baie kwaad wees vir my. Dalk gaan hulle my sommer doodmaak, want ek moes kyk dat niemand uit die tronk ontsnap nie. Ek dink ek moet myself sommer doodmaak.*

Nee, wag, moenie dit doen nie! roep Paulus uit. *Kyk, ons almal is nog hier. Ons het nie weggeloop nie. Jy kan die deure maar weer toemaak.*

Die bewaarder kon sy oë nie glo nie. Almal was nog daar. Hy het bewend voor Paulus neergeval. *Meneer, asseblief, help my!* het hy gesê. *Ek wil ook in jul God glo wat sulke wonderlike dinge doen. En julle het my so gehelp deur nie uit te gaan nie. Wat moet ek doen om gered te word?*

Toe sê Paulus: *Staan op, my vriend, en moenie bang wees nie. Al wat jy hoef te doen, is om in Jesus Christus te glo. As jy dit doen, sal jy en jou hele gesin gered word!*

Die bewaarder was so bly, hy kon nie ophou om dankie te sê nie. Hy sê toe vir Paulus: *Meneer, jy en jou vriend moet nou saamkom na my huis toe. Dan kan julle vir ons alles van hierdie Jesus vertel. Ons wil regtig ook in Hom glo. My vrou sal dan vir julle 'n lekker bord kos ook gee, en ons gaan jul wonde was en self aansmeer.*

Paulus sê toe vir hom: *Baie dankie, dit sal heerlik wees. Maar daarna moet ons weer terugkom, anders gaan jy in die moeilikheid wees.*

Ai, dit was wonderlik. Nog 'n wonderwerk wat God gedoen het. Want nou het hierdie bewaarder en sy hele gesin ook in Jesus geglo. Paulus-hulle het lekker geëet. Hulle het weer teruggegaan tronk toe, sodat die bewaarder nie in die moeilikheid sou kom nie.

Die volgende oggend het die stad se mense die polisie gestuur. Hulle het beveel dat die polisie vir Paulus-hulle moet los sodat hulle verder kon reis. Hulle het ook gesê hulle is baie jammer dat hulle Paulus-hulle in die tronk gegooi het.

Paulus het geweet: As 'n mens vir die Here werk en in Hom glo, hoef jy nooit vir ander mense bang te wees nie, selfs al slaan hulle jou en gooi jou in die tronk. Want, weet julle, die Here is sterker as enige koning of soldaat. En die Here vergeet nie van sy kinders nie, selfs nie eens as hulle in die tronk gegooi word nie.

AANBIEDING

Jy het nodig

- 'n Paar kartonbokse, soos skoenbokse, ingeval party kinders dalk vergeet het om een saam te bring.
- 'n Skêr.
- Tandestokkies.
- Prestik.

KOM ONS BEGIN

Open met gebed.

HET HULLE ONTHOU?

- Vra die volgende vrae en gee weer die antwoorde as hulle nie weet nie.
 - Wie het op die water na die dissipels toe geloop? (*Jesus.*)
 - Wie het uit die bootjie geklim en op die water na Jesus toe geloop? (*Petrus.*)
 - Wat het Jesus vir Petrus gesê toe hy begin sink het? (*Jesus het vir Petrus gesê om nooit op te hou om in Hom te glo nie.*)
 - Sal Jesus ons los as iets met ons gebeur? (*Jesus sal ons nooit los as iets met ons gebeur het nie.*)
 - Wat moet ons doen as iets slegs met ons gebeur? (*Ons moet bly glo en bid, dan weet ons Jesus sal ons nie los nie.*)
- Laat hulle die volgende deel van Matteus 14: 31 voltooi:

Jesus het Petrus gegryp en vir hom gesê: ("Kleingelowige, waarom het jy begin twyfel?")

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Sê hulle moet mooi luister, want jy gaan kyk wie kan goed onthou.

- Sal jy ooit van iemand vergeet as jy baie lief is vir hom of haar? Iemand soos jou pappa of mamma? Nee, nie maklik nie.
- Die Here is baie lief vir ons. Dink julle Hy sal van ons vergeet? Nee, ek dink ook nie so nie. Maar kom ons luister na wat met Paulus gebeur het in die Bybel, dan sal ons sien of die Here sy kinders vergeet.
- Paulus was 'n apostel. Wie van julle weet wat 'n apostel is? Dit was amper soos 'n dominee, iemand wat rondgereis het en vir die mense van die Here vertel het.

- Dit was baie gevaarlik om dit te doen. Daar was mense wat nie wou hê dat jy oor die Here praat nie. Hulle het mense wat van die Here vertel het, soms in die tronk gegooi. Maar kom ons kyk wat met Paulus gebeur het.

IETS INTERESSANT

Gebruik MEER INLIGTING hierbo en vertel die verhaal van Paulus en Silas in die tronk. Die inligting is in 'n vorm wat net so gebruik kan word.

IETS BELANGRIK

- Vra die volgende vrae om die feite in te skerp:
 - Wat is 'n apostel? (*Dit was amper soos 'n dominee, iemand wat rondgereis het en vir die mense van die Here vertel het.*)
 - Wie is die apostel wat in die tronk gegooi is? (*Paulus.*)
 - Wie was sy vriend wat saam met hom in die tronk gegooi is? (*Silas.*)
 - Na die aardbewing was die tronkdeur oop, maar hulle het nie uitgeloop nie. Hoekom dink julle het hulle nie uitgeloop nie? (*Sodat hulle vir die bewaarder van Jesus kon vertel.*)
 - Wat het daarna met die bewaarder gebeur? (*Hy en sy hele gesin het in Jesus geglo.*)
 - Wanneer is Paulus-hulle vrygelaat? (*Die volgende oggend.*)
- Skerp die volgende in: God het nie vir Paulus-hulle vergeet toe hulle in die tronk gegooi is nie. Net so sal Hy ons ook nooit vergeet nie, want ons is spesiaal. Ons is sy kinders en Hy is baie lief vir ons.

IETS OM TE DOEN

- Laat hulle na die prentjie van die tronk in hul boeke kyk.
- Wys hulle hoe om die tronk met die kartonboks te maak:
 - Keer dit om, sny 'n deurtjie uit, maar los die een kant vas sodat dit as skarnier kan dien.
 - Sny venstertjies uit, klein genoeg dat die tandestokkies as tralies kan dien.
 - Plak die tandestokkies met Prestik aan die binnekant van die vensters om as rame te dien.

BY DIE HUIS

Doen

Laat hulle hul tronk versier.

Leer

- Laat hulle die volgende gaan leer:
 - 'n Apostel was iemand wat rondgereis en vir die mense van die Here vertel het.
 - Paulus en sy vriend Silas is in die tronk gegooi.

- Daar het 'n aardbewing gekom wat die tronkdeur laat oopgaan het.
 - Paulus en Silas het nie uitgeloop nie, sodat hulle vir die bewaarder van Jesus kon vertel.
 - Die bewaarder en sy hele gesin het in Jesus geglo.
 - Paulus-hulle is die volgende oggend vrygelaat.
 - God sal my nooit vergeet nie, want ek is vir Hom spesiaal.
- Laat hulle Handeling 16: 31 gaan leer: *Hulle antwoord hom: Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word.*

AFSLUITING

Sluit af met Gesang 543: 1 en 3 as gebed, of sing dit saam.

1.

*Here Jesus, ek is klein, maak U self my lewe rein.
Laat ek altyd van U leer; laat ek grootword tot u eer.*

*O Jesus, neem my, o Jesus, lei my,
o Jesus, sterk my en vorm my tot u eer.*

3.

*Heiland, laat my nooit vergeet dat U alles van my weet;
al is niemand ook by my sal U, Here, by my bly.*

*O Jesus, neem my, o Jesus, lei my,
o Jesus, sterk my en vorm my tot u eer.*

Belangrik:

Reël betyds iemand om volgende week se faseles aan te bied.